

Gereformeerde Kerk Bellville – 17 Junie 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 37:15, 16 (p. 184)

- 15 Ek was aanskouer van veel kwaad, / maar nooit dat God sy volk verlaat,
dat hul geslag, hoeseer geplaag, / ooit aan die bedelbrood moes knaag.
- 16 Veeleer skenk hy genadebrood / aan wie al wankel in hul nood.
Sy nageslag strooi om hul heen, / en op hul spoor ontspruit 'n seen.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE
wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe
Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit
die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 150:1, 3 (p. 719)

- 1 Loof God, loof sy Naam alom! / Loof Hom in sy heiligdom!
Loof die HEER se grote mag / in die hemel van sy krag!
Loof Hom om sy moëdhede, / om die menigvuldigheid
van sy mag en majesteit, voor sy troon en hier benede.
- 3 Loof God – dit is sy bevel – / met die helder simbelspel!
Loof Hom met die klinkmetaal / van die vrolike simbaal!
Loof die HEER en gee Hom ere – / al wat kruip en roer en sweef,
al wat asem het en leef! / Halleluja, loof die HERE!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Skrifberyming 9-2:1, 6, 9

- 1 God het gesê: “Ek is die Here / wat jou uit sondeslawerny
gelei het na 'n nuwe lewe. / Jy mag geen god hê, buiten My!”
- 6 Jy mag nie doodslaan of jou wreek nie, / maar liefde moet jou lewe rig.
Jy mag die egband nie verbreek nie, / behou wat God in liefde stig.
- 9 Deur u volmaakte wet, o Here, / ontdek ons steeds ons sondigheid;
u Gees bring ons die heil in Christus / dat ons kan leef uit dankbaarheid.

Gebed

Skrifberyming 9-4:4, 5 (Sb 21)

- 4 Lankmoedig is die liefde in pyn / en vriend'lik waar sy ook verskyn.
Afgunstig is die liefde nooit, / of opgeblase of hoog van spraak;
niks wat hier onwelvoeglik maak, / kleef aan die daad van liefde ooit.
- 5 Sy soek haar eie voordeel nooit, / niks maak haar hart verbitterd ooit,
en sy vergeld geen kwaad met kwaad. / Geen ongeregtigheid wil sy,
maar net die waarheid maak haar bly – / die waarheidsklank van woord en daad.

Skriflesing: Matteus 5:17-20, 43-48; 1 Petrus 2:18-25

Kernverse: Matteus 5:44-45

Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges.

(Matteus 5:44-45 AFR53)

Tema: Burgers van God se koninkryk het ook hulle vyande lief soos hulleself

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons almal weet dat liefde beter is as haat en vyandskap. As iemand anders jou liefhet, voel jy geborge en veilig. Omdat jy as gelowige weet dat God jou liefhet, is jy seker van jou veiligheid by Hom. Jy weet dat Hy jou sal beskerm en versorg.

Liefde by God is nie maar net woorde of 'n gevoel nie. Hy maak sy liefde vir mense onteenseglik duidelik in daad. Ons het vanoggend weer bely dat Hy sy Seun na hierdie wêreld gestuur het om vir mense se sondes aan die kruis te sterf. Ons het bely dat Jesus uit die dood opgestaan het, want Hy het die prys vir die uitverkorenes se lewe ten volle betaal. Daarom heers die Satan nie meer oor gelowiges nie. Daarom is hulle nie meer vrees-bevange oor die dood nie. Jesus het die gelowiges kinders van God gemaak met sy kosbare bloed. En die ware gelowige wat dit weet, roep saam met Paulus in 'n loflied uit: Niks kan ons van die liefde van God skei nie!

Kom ons teken ook nou 'n ander prentjie. Dink 'n bietjie na oor wat in u gemoed aangaan as u die naam Julius Malema hoor en die berig lees waar hy vir die soveelste keer smalend uitvaar teen wit mense? Hoe het dit in jou gemoed gegaan toe Jacob Zuma uiteindelik sy uittrede as president van die land aangekondig het? Ons hoef vir niemand te sê hoe ons gevoel het nie. Dink net vir 'n oomblik daaroor na.

Elkeen van ons sal self weet of ons van die woord liefde 'n sif gemaak het. Daarmee bedoel ons dat ons self besluit wie ons liefde werd is. Ons laat ons deur mense voorsê vir wie ons lief mag wees. Daarom sal ons almal, ook ek, ongemaklik raak oor die bevel van Jesus in ons Skrifgedeelte van vandag.

Die Fariseërs en die skrifgeleerdes was hoogmoedig en selfvoldaan. Omdat hulle die nageslag van Abraham is met wie die Here van hemel en aarde 'n verbond gesluit het, het hulle maklik gedink dat God net hulle God is. Omdat die Here vir Israel tussen al die volke op die aarde as sy volk uitgekies het, het hulle maklik tot die slotsom gekom dat die Here net vir hulle 'n plek in sy hart het. Daarom het Jona destyds na Tarsis probeer vlug toe die Here hom na Nineve gestuur het om vir die vyande van Israel te gaan preek. En toe die Here uiteindelik genade aan die heidene van Nineve betoon het, was Jona briesend kwaad. Hoe kan die Here so barmhartig wees teenoor 'n volk wat sy uitverkore volk al met soveel wreedheid behandel het.

Met hierdie geskiedenis van hoogmoed in hulle volkslewe was dit vir die Fariseërs en skrifgeleerdes maklik om te sê: **Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat.** Die woorde, **jy moet jou naaste liefhê**, staan in die wet van God geskryf. Toe God sy volk uit Egipte verlos het, het Hy al vir hulle gesê om hulle naaste lief te hê (Lev 19:18). Maar die manier waarop 'n mens jou naaste moet liefhê, het die Fariseërs gerieflikheidshalwe weggelaat. Jy moet jou naaste liefhê soos jouself, het die Here gesê.

Jy moenie jou naaste liefhê soos wat jy wil nie, maar soos jouself. Soos wat jy wil hê dat iemand jou moet behandel, so moet jy jou naaste behandel. Jy wil mos nie hê dat jou naaste jou haat of vyandig behandel nie, maar dat hy jou goed sal behandel en met liefde teenoor jou sal optree. So behoort jy ook teenoor jou naaste op te tree, sê die Here.

Afgesien daarvan dat die Jode die manier waarop jy jou naaste moet liefhê moedswillig weggelaat het, het hulle onder die woord *naaste* heeltemal iets anders verstaan as wat die Here bedoel het. Vir die Fariseërs was net die mense van hulle eie volk en hulle eie geloof hulle naaste. Omdat hulle die woord *naaste* so vereng het, was dit maklik om die valse deel by die wet van die Here te voeg. Dit was vir hulle dus maklik om in een asem te sê: **Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat.**

Broers, susters en kinders, as ons eerlik na ons eie lewens kyk, sal ons tog moet erken dat ons ook van nature so maak. Ons wil ook graag die woord *naaste* verstaan soos wat ons daarmee gemaklik is. Ons naaste is baie maal net die mense van ons eie volk, met dieselfde velkleur as ons s'n, met dieselfde taal en met dieselfde geloof. Sommige van ons ken ook nog die onderskeid wat gemaak is tussen eienaars en bywoners toe 'n groot deel van die blanke bevolking ook bitter arm was. Vir party mense was jou naaste dan ook net die mense wat op dieselfde sosiale trappie as jy is. Net hierdie mense wat jyself as jou naaste sien, is die mense wat jy gaan liefhê. Net teenoor hulle gaan jy goed doen. Net vir hulle het jy 'n goeie woord.

En al die ander mense wat nie aan jou kwalifikasies van 'n naaste voldoen nie, is nie jou naaste nie. Nou het ons ook al so verfynd geraak met ons sondige geaardheid. Ons sê nie reguit: **Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat** nie. Ons sê eerder: **Jy moet jou naaste liefhê**, maar ek haat nie die ander mense nie, ek hou net nie van hulle nie. En omdat jy nie van hulle hou nie, gaan jy hulle ook nie liefhê soos jouself nie. Jy gaan hulle nie kwaad aandoen nie, jy gaan hulle maar net ignoreer, maak asof hulle nie bestaan nie.

Die Here ons God gee net een enkele kwalifikasie oor wie ons naaste is. Die volk waaruit die ander mens kom, die taal wat hy praat, sy velkleur, sy haarstyl, sy gewoontes, niks van hierdie dinge tel nie. Die enigste ding wat tel, is dat hy 'n ander mens is. Enige ander mens is ons naaste, sê die Here. Selfs al is die ander mens jou vyand wat jou goed wil steel, jou grond wil afneem, jou lewe wil neem. Ook jou vyand is jou naaste, want hy is 'n ander mens wat dieselfde suurstof nodig het om te lewe as jy.

Ons Vader in die hemel maak nie 'n onderskeid tussen mense wanneer Hy sy seën op die aarde uitstort nie. As sy son opkom, gee die Here lig vir die slegte en die goeie mense. Die Here laat sy son skyn oor die wat Hom erken en aanbid as hulle God en Vader en oor die wat Hom verwerp en allerhande afgode dien. As die Here reën gee, gee Hy dit vir die wat reg doen en die wat verkeerd doen. Mense wat moor en steel, geniet ook die voordeel van die reën wat die Here gee, net soos wat Christene dit geniet. Ons wat deur Jesus Christus verlos is, weet dat God uit liefde hierdie gawes van Hom aan die mensdom gee. Die Here bewys dus sy liefde nie net aan die goeie mense nie, maar ook aan die slegte mense.

Die Here gee nie net hierdie algemene gawes van Hom aan alle mense nie. Wanneer Jesus vir Nikodemus leer, sê Hy:

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. (Johannes 3:16 AFR53)

God het sy Seun gegee omdat Hy die wêreld liefhet. Jesus het sy bloed net soveel vir jou en my gestort as wat Hy dit vir elke ander mens op die aarde wat glo gestort het. Die moordenaar en verkrachter, Malema en die motorkaper het nie 'n groter of kleiner offer van Jesus nodig om verlos te word as wat ek en jy nodig het nie. Jesus Christus se offer aan die kruis is genoeg om al die sondes van enige mens, vriend of vyand, af te was. Daarmee het ons nie gesê dat alle mense verlos is nie. Ons sê alleen dat Jesus Christus nie minder vir jou en my gelyk het as wat Hy vir die moordenaar en vyand wat deur God uitverkies is, gelyk het nie.

Omdat die Here nie 'n onderskeid maak tussen mense aan wie Hy sy liefde bewys nie, verwag Hy dieselfde van die burgers in sy koninkryk. In dieselfde wet waarin die Jode leer dat jy jou naaste moet liefhê, sê die Here die volgende:

Jy mag jou nie blind hou wanneer jy 'n verdwaalde bees of skaap van jou volksgenoot sien nie. Jy moet dit na hom terugvat. (Deuteronomium 22:1 AFR83)

En oor die vyand se dier sê die Here:

Wanneer jy 'n verdwaalde bees of donkie van jou vyand raakloop, moet jy dit beslis na hom toe terugbring. Wanneer jy iemand wat jou haat, se donkie sien lê onder sy vrag, moet jy hom nie sonder hulp los nie; gaan help hom met sy vrag. (Eksodus 23:4-5 AFR83)

Jou optrede teenoor jou volksgenoot mag nie verskil van jou optrede teenoor jou vyand nie. Dieselfde liefde wat jy aan jou volksgenoot bewys, moet jy ook aan jou vyand bewys.

Jesus vou dus vir ons die wet van God heeltemal oop in duidelike en verstaanbare taal wanneer Hy sê:

Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg. (Matteus 5:44 AFR53)

Jou vyand en die een wat jou haat, is ook jou naaste, want hy is 'n medemens.

Hierdie liefde vir ons vyande moet in drie dinge duidelik word, in ons dade teenoor hulle, in ons woorde teenoor hulle en in ons gebede vir hulle. Jesus beveel die gelowiges om goed te doen aan die mense wat hulle haat. Wat moet die gelowige doen? Luister hoe skryf Paulus dit:

As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop. (Romeine 12:20 AFR53)

Om so liefde aan jou vyand te bewys, beteken dat jy geheel en al van jouself moet vergeet. En al wat jy moet onthou, is dat jy 'n kind van God is. Selfs al verag jou eie volksgenote jou omdat jy die vyand van kos en water voorsien, moet jy dit doen omdat jy 'n kind van God is. Jesus Christus, die Seun van God, het Homself vergeet en Homself vir mense geoffer wat nog sy vyande was. God het nie eers gewag dat mense so 'n bietjie liefde vir Hom sou gee voordat Hy sy Seun geoffer het nie. Toe hulle nog sy vyande was, het Jesus vir hulle gesterf aan die kruis.

Met jou woorde moet jy jou liefde hoorbaar maak aan jou vyand. As hy jou vervloek, moet jy jou nie net daarvan weerhou om hom ook te vervloek nie, jy moet hom seën, sê die Here. As hy jou al wat sleg is toewens, moet jy hom die seën en genade van die Here jou God toewens wat die Here aan hom wil gee.

En in die derde plek rig ons ons woorde tot God ten gunste van ons vyand. Ons moet vir hulle bid. Wanneer jy vir jou vyand bid, gaan staan jy langs jou vyand en smee dat God ook vir hom genade sal bewys. As voorbidding vir ons vyande 'n teken is van ons liefde vir hulle, is dit ook 'n middel waardeur die Heilige Gees die liefde vir ons vyande sal laat groei in ons harte. Dit is onmoontlik om vir iemand te bid as jy hom nie liefhet nie. Dit is ook onmoontlik om aan te hou bid vir hulle sonder dat ons liefde nie vir hulle sal groei nie, want dit is die Heilige Gees wat die liefde in ons hart laat groei vir ons vyande. Daarom moet ons nie wag totdat ons lief is vir ons vyand voordat ons vir hulle bid nie. Ons moet eerder vir hulle bid sodat ons hulle kan liefhê.

Terwyl die soldate die spykers slag na slag deur Jesus se hande en voete gedryf het, terwyl die Jode spottend vir Jesus geterg het, het Hy vir hulle gebid. As die haat, afguns en wreedheid van die Jode en Romeine Jesus se gebede nie kon laat ophou nie, watter pyn, trots en vooroordeel moet ons dan ly sodat ons gebede vir ons vyande moet stil raak? Jesus het geheel en al onregverdig gely onder die Jode, want Hy is die sondelose Lam van God.

Ons moenie dink dat liefde net 'n eienskap is wat by Christene voorkom nie. Alle mense, ook ongelowiges kan liefhê. Ongelowige ouers het ook hulle kinders lief. Ongelowige mans en vrouens trou ook met mekaar omdat hulle mekaar liefhet. Ongelowiges het mekaar ook soos vriende lief.

As ons ook maar net ons eie volksgenote liefhet, is ons nie beter as die Jode of die moslems nie. As ons net ons eie geloofsgenote groet, is ons nie beter as die heidene nie. Hulle doen presies dieselfde. Die voorbeeld van hoe ons teenoor ons naaste, vriend of vyand, moet optree, moet ons nie by die mense gaan leer nie. Onder die mense werk dit mos so: As jy my skade aandoen, sal ek jou skade aandoen, maar as jy goed aan my doen, sal ek goed aan jou doen. Daarom gebeur dit dat heidene mekaar kan liefhê.

Jesus sê: Maar julle wat na My luister, moet meer doen. Julle moet ook julle vyande liefhê en julle moet vir hulle bid, sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel. God se optrede is die voorbeeld wat ons moet volg. As ons dan kinders van God is, moet ons soos ons Vader maak en ook ons vyande liefhê. Dan sal ons so volmaak wees soos ons Vader wat in die hemel is.

Volmaak beteken hier nie sondeloos nie. Volmaak het hier betrekking op die liefde. God het volmaak lief. Hy het die wêreld volmaak lief, daarom het Hy sy Seun gegee. Soos wat God die wêreld liefhet sonder onderskeid, so moet ons alle mense, vriend of vyand, liefhê. Dan is ons liefde so volmaak soos ons Vader s'n. Dan eers is ons regtig navolgers van Jesus Christus.

'n Mens kan nog aanleer om jou ander wang te draai vir die een wat jou op die regterwang geslaan het, maar die Here verwag meer as net om jou ander wang te draai. Hy verwag dat ons daardie een wat ons geslaan het, sal liefhê soos onself. Om goed met kwaad terug te betaal is duiwels. Om goed met goed terug te betaal is menslik. Maar om kwaad met goed terug te betaal is goddelik. Ons kom dus agter dat ons God se genade nodig het

om sover te gaan om ook vir 'n vyand te bid. Die Here wil hê dat ons ons vyande moet liefhê, daarom wil Hy ook vir ons sy genade gee wat ons nodig het om dit te kan doen. Laat ons on-oophoudelik om sy genade bid en Hom daarvoor dank.

Die Heilige Gees is besig om van elke gelowige 'n nuwe mens te maak, 'n mens wat Jesus voluit gehoorsaam, want die Here wil die wêreld nuut maak. Ons vyande sal ons nie as Christene herken nie, tensy ons ook ons vyande liefhet. Iemand wat sy vyand liefhet, gaan hom ook nie daarin verlekkeer as sy vyand doodgaan sonder dat hulle die Here geken het nie.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 46:1, 6 (p. 236)

- 1 God is 'n toevlug in die nood, / 'n rots wat altyd vas bly staan,
al dreig die vyand met die dood, / al storm sy leërbendes aan.
Laat dan maar buig en beef / al wat ons hier omgeef;
laat berge uit hul stee / wegwinkel in die see – / ons sal nie beef of rugwaarts gaan.

- 6 Hou op, en weet: Ek is die HEER! / Ek is verhoog bo alle vlees;
My sal die nasies sien en eer, / of sidd'rend vir my oordeel vrees.
Die HEER sal in gevaar / sy leërs om ons skaar, / oneindig in getal.
Die God van Jakob sal / vir ons 'n veil'ge vesting wees.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Katkisasieopening

Skrifberyming 7-2:1, 2

- 1 Die Begin en Einde, / Alfa en Omega, / hoor, dis Ek wat kom!
Hou my wet en woorde / tot jy deur die poorte / veilig binnekom.
Buite bly die bese staan, / sondaars wat voor God nie bewe. / – Jý ontvang die lewe!

- 2 Ek, die Heer van here, / Koningskind van ere, / kom in krag met mag.
Ek, die ster van sterre, / skitterblink van verre: / "Einde van die nag!"
En die Gees en bruid roep uit: / "Jesus, Here, kom in ere! / Kom tog gou, o Here!"

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
17 Junie 2018